# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 10 September 2023

26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902

## Vandag by die Kerk

**09h00 - Erediens**
**09h00 - Kleuterkerk**
**10h00 - Kategese + uitreik na Lighthouse**

## Sport en die lewe



Om die lewe te vergelyk met sport is nie vergesog nie. In sport, of dit nou rugby, netbal, krieket of atletiek is, vorm jy deel van 'n span. Sekere sportsoorte is nie bekend as spansporte nie, byvoorbeeld tennis. Maar wanneer atlete vir 'n span gekies word om hulle land by die Olimpiese Spele te verteenwoordig maak die span-dinamika dit net nog meer opwindend!

Om deel van die span te word , moet jy baie hard werk en ure se oefening insit. Dis die werklikheid van sport. *Hoe werk dit in die lewe? Hoe werk dit met God en sy span? Wat moet jy doen om deel van sy span te word en te bly?*

Elke span het afrigters. Daar is afrigters wat spesialiseer in verdediging of aanval of die fiksheid van die spelers. Daar is sogenaamde kopafrigters wat spelers leer om emosioneel en in hul denke sterk te wees. Die afrigter moet ook sorg dat elke speler in die regte posisie speel. *Kan God gesien word as 'n afrigter? Indien wel, watter tipe afrigter is Hy? Hoe werk sy afrigting? Wie speel waar in God se span?*

Op 'n sportveld het jy jou eie span se spelers en ook jou opponente. *Hoe moet jy saam met jou spanmaats in God se span leef? En opponente – wat word bedoel met 'n opponent as dit kom by die span van die lewe en hoe moet ek teenoor hulle optree?*

Dit maak ons moedeloos en selfs kwaad wanneer die span wat ons ondersteun, droogmaak. Die realiteit is sportmanne en -vroue maak foute. *Wat doen jy in die lewe? Daar is soveel verkeerde keuses en dom besluite wat jy al gemaak het.*

Dan is daar natuurlik die beseringspook! *Wat maak jy met die "beserings" van die lewe?*

In die lewe is daar beslis nie elke dag medaljes, trofees en podiums soos in sport nie. Tog is daar baie meer op die spel as om op 'n podium in 'n stadion te staan en jou te verlekker in die toejuiging van mense. Niks, absoluut niks, kan vergelyk met die voorreg en eer om in God se span te kan speel nie. Hy het jou vir 'n spesiale posisie in sy span gemaak sodat jy jou beste vir Hom en sy span kan gee. Dit is baie belangrik dat elke sportman en -vrou besef die lewe gaan oor méér as sport.

## -i toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

## Kategese en Jeugwerk



☻ Ons glo kinders moet die Here leer ken en leer liefkry. Ouers wat nie saamstem nie, sal die prys daarvoor betaal. Dit het nóú en ewig gróót waarde om sterk te staan in die geloof

☻ Ons jeugspanne staan Sondae reg. Ons het uitstappies, uitreike en geselligheide vir ons kinders.

## Verjaarsdae 10 – 16 September 2023

10-Andrew Brown (S)
11-Zannerie van Staden
12-Piet Teessen
13-Lana Pieterse
Wilmien Stapelberg
Jan vd Merwe
14-Maddy Harvey



## Teebeurte

10 September - Wyk 1+2
17 Sept- Wyk 3+4
15 Okt - Wyk 16 + vrywilligers

## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
☐ EFT
☐ Stoporder

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Skakel in by die volgende whatsapp groepe

1. RGK Goeie Nuus
2. RGK Werksoekspan
3. RGK Rek-jou-Rand groep. Whatsapp versoek na ds. Theo by 066 270 3086

## Voorbidding benodig

- **Ivy Swart**
- **Mariza Schutte**
- **Henk Beumer**
- **Theunette Engelbrecht**
- **Ivan Hopkins**
- **Alwyn Barnard**
- **Annetjie van Loggenberg**
- **Breggie Opperman**
- **Hannetjie Barnard**
- **Miemie Nel**



